CLF NUUS

STORIES VAN UITREIK
MET CHRISTELIKE LEKTUURFONDS MATERIAAL

Missionale omgee in gemeenskappe neem verskillende vorms aan en daarom deel ons graag die volgende drie voorbeelde van hóé om God se hande, voete en stem te wees.

PAARL-GEMEENTES REIK UIT NA MSINGA

Met Bybels, CLF pamflette en gewillige harte het verskeie Paarlse gemeentes die Julievakansie 'n gesamentelike uitreikgeleentheid na Msinga in KwaZulu-Natal onderneem. Benewens die fisiese nood en maatskaplike uitdagings, is daar 'n geestelike honger na die Woord van God. Weens die armoede en feit dat daar geen boekwinkels in Msinga is nie – wat nog te sê van geestelike leesstof in Zoeloe – is duisende van CLF se gratis pamflette in Zoeloe saamgeneem om die gemeenskap geestelik te versterk.

Meeste van die pamflette is oorhandig aan Msigna se Transformers jeugbediening wat veral fokus op skole waar skoolkinders leer van leierskap, lewensvaardighede, gesonder lewenskeuses en Christelike waardes. Die boodskap wat die Transformers verkondig is dat jongmense in Msinga se lewe kosbaar is en dat 'n betekenisvolle lewe in Jesus moontlik is te midde van uitdagings wat hul in die gesig staar.

Die Msinga uitreikgroep het teruggekeer met 'n beter begrip van God se hartstogtelike liefde vir alle mense en dat sy hart warm klop juis waar mense in fisiese en geestelike nood verkeer. Die sleutel tot verandering is God se Woord en die wonderlike, bevrydende waarheid wat op elke bladsy geskrywe staan.

NGK ROBERTSON

NGK Robertson se Junievakansie-uitreik was na Canzibi in Transkei. CLF se pamflette het veral hier handig te pas gekom. Die naskoolkinders ontvang skoolonderrig in Engels en daarom het dit goed gewerk om Engelse pamflette te gebruik om terselfdertyd ook hulle leesvermoë op te knap en aan te spreek. Die pamflette bly dus in die onderskeie klasse en word onderwerp-vir-onderwerp deur die betrokke klasleidster met hulle behandel. Sy sal die pamflette uitdeel en die kinders sal saam-saam daardeur lees. Nadat 'n onderwerp behandel is, word die pamflette in die klas gehou en kan die kinders dit kom vra indien hulle dit weer sou wou lees en vrae daaroor sou wou vra.

REDIRA OORPAKKE

Christelike Lektuurfonds en Redira Oorpakke se vriendskap kom al ’n hele paar jaar. Redira Oorpakke is ’n besigheid wat 100% in die hande van die Here is met ’n kosbare span wat dit na die beste van hul vermoë bestuur.

Hulle verskaf klere, skoene en vele meer aan veral die arbeidsmark in die Noord-Kaap, maar het ook kliënte in die res van Suid-Afrika asook Namibië. Baie van die items word self gemaak, maar hulle is ook agente vir verskeie reekse. Saam met elke item wat hul verkoop, kry jy ’n klein Redira kaartjie met hul kontakbesonderhede op, asook ’n Bybelversie in drie tale. Saam met elke bestelling word daar ook een van CLF se pamflette gestuur en daar word gou navraag gedoen indien ’n werker nie sy geestelike boodskap ontvang nie! In baie van die bestellings word ook Bybels saamgestuur wat self deur die kliënt uitgedeel kan word waar nodig is.

As hierdie terugvoer jou hart geraak en met idees vir uitreik met CLF se lektuur, geïnspireer het, maak gerus kontak met ons om jou behoefte van lektuur te bespreek.

Vir verder navrae en bestellings, stuur e-pos na order@clf.co.za of skakel 021 873 6964